Pretoria- 27 Oktober 2013

Skriflesing: 1 Johannes 4:7 – 5; Johannes 15:10; Jesaja 44:6-8
Kategismus: **Sondag 34**
Teks**: 1 Johannes 4:8,16,19; 5:2,3**
Sing: Psalm 119: 22,28; Ps. 72:11; Ps. 145:1, 12

1 Johannes 4:7 – 5:21

1Jn 4:7 Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God.
1Jn 4:8 Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.
1Jn 4:9 Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.
1Jn 4:10 Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.
1Jn 4:11 Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê.
1Jn 4:12 Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword.
1Jn 4:13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.
1Jn 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.
1Jn 4:15 Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is—God bly in hom, en hy in God.
1Jn 4:16 En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.
1Jn 4:17 Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.
1Jn 4:18 Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.
1Jn 4:19 Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.
1Jn 4:20 As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?
1Jn 4:21 En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.
1Jn 5:1 Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.
1Jn 5:2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar.
1Jn 5:3 Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.
1Jn 5:4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.
1Jn 5:5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?
1Jn 5:6 Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Jesus die Christus; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed; en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid.
1Jn 5:7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;
1Jn 5:8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.
1Jn 5:9 As ons die getuienis van die mense aanneem—die getuienis van God is groter, omdat dit die getuienis is van God wat Hy aangaande sy Seun getuig het.
1Jn 5:10 Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie.

1Jn 5:11 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.
1Jn 5:12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.
1Jn 5:13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.
1Jn 5:14 En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.
1Jn 5:15 En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.
1Jn 5:16 As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee—vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.
1Jn 5:17 Alle ongeregtigheid is sonde, en daar is 'n sonde wat nie tot die dood is nie.
1Jn 5:18 Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.
1Jn 5:19 Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.
1Jn 5:20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.
1Jn 5:21 My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen.

Johannes 15:10

Joh 15:10 As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.

Jesaja 44:6-8

Isa 44:6 So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie.
Isa 44:7 En wie roep soos Ek—laat hom dit dan te kenne gee en aan My voorlê—vandat Ek die volk van die ou tyd gegrond het? En laat hulle die toekomstige dinge en wat sal gebeur, te kenne gee.
Isa 44:8 Wees nie verskrik nie, en moenie bewe nie! Het Ek jou dit nie lank tevore laat hoor en te kenne gegee nie? En júlle is my getuies! Is daar 'n God buiten My? Ja, daar is geen rotssteen nie; Ek ken geeneen nie.

Kategimus Sondag 34

92- Vra hoe lui die Wet van die Here?
Ons het vanoggend reeds die Wet gelees...

93* Vraag*: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?
Antwoord: In twee tafels (a), waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b).

94* Vraag*: Wat gebied God in die eerste gebod?
Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels (c) vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken (d), Hom alleen vertrou (e), my slegs aan Hom met alle nederigheid (f) en geduld onderwerp (g) en van Hom alleen alle goeie dinge (h) verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê (i), vrees (j) en eer (k). Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel

95* Vraag*: Wat is afgodery?
Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertroue stel (a).

Skriflesing: 1 Johannes 4:7 – 5; Johannes 15:10; Jesaja 44:6-8
Kategismus: **Sondag 34**
Teks**: 1 Johannes 4:8,16,19; 5:2,3**
Sing: Psalm 119: 22,28

Geliefde broeders en susters- Wanneer 'n mens voor 'n massiewe berg staan, dan is daar gewoonlik die twee gedagtes. Die een gedagte, die berg voor my oorrompel my, die berg is te groot, die indruk van die skoonheid van die berg sluk my in, ek kan nie verby die berg kyk nie. MAAR dan is daar ook die ander gedagte, ek wil nog dieper kyk, ek wil oor die berg kom dat die skoonheid my nie oorrompel nie, maar dat ek as mens ook die berg van die ander kant af kan bekyk.

Soos 'n berg lê die Here se Wet dan ook voor ons, na alle kante uitgesprei. In die weke wat mag kom, sal ons belydenis die bergreeks van God se Wet bestyg, vanaf verskillende hoogtes, vanuit verskillende hoeke gaan die WONDER van God se Wet met ons praat. Hoe wonderlik om te mag weet, ons as mense gaan deur ons belydenis na die Here se Wet gebring word, ons belydenis is die vleuels waarmee ons gaan opstyg na die hoogste punte in God se HEERLIKE Wet openbaring. Uit eie krag, met ons eie insig en ervaring sou ons nooit so ver gekom het nie, daarom het ons ook 'n belydenis wat ons daarby gaan bring. Die twee gedagtes wat u dan maar kan vasknoop is dat God se Wet 'n wonder is. En in die tweede plek – God se Wet is heerlikheid. In die eerste plek dan

God se Wet is 'n genade wonder:

'n Vis kan net in die water lewe, 'n voël kan net in die lug vlieg, 'n trein moet langs spore, ysterstawe loop, anders ontspoor dit. As 'n voël nie lug het nie, dan val dit, as 'n vis nie water het nie, dan vrek dit. Vir ons as mense kan daar waarlik net van lewe sprake wees, as ons in die Here se Wet lewe.

En gemeente, laat ons sommer dit ook van die begin af vir mekaar sê, God se Wet is liefde, want GOD IS LIEFDE. Johannes het in sy evangelie en in sy briewe vir ons 'n paar maal die FONDAMENT van God se liefde gelê. God se Wet, God se gebooie is juis aan sy liefde gekoppel. Dit is wat die Wet 'n wonder maak, die liefde, die genade van God. Die liefde wat alle twyfel, vrees en onsekerheid wegneem.

***

Het u al opgemerk op watter stadium die Here vir Israel hierdie Wet op twee tablette gegee het. Vyftig dae nadat Israel uit Egipte getrek het, toe eers gee die Here vir hulle hierdie Wet.

Wat kan ons daaruit aflei? Die Here gee die Wet NADAT verlossing plaasgevind het. Die Here se Wet hang nie van Israel se prestasies af nie. Die Here verlos eers en dan gee Hy die Wet. Die verlossing wat reeds bestaan maak die hele Wet 'n saak van dankbaarheid. Ons sal nooit verlossing of redding deur die Wet kan verdien nie. Israel sou nooit deur nakoming van die Wet uit Egipte verlos kan word nie. Vanuit die Wet kyk ons terug na wat God reeds vir ons gedoen het, Hy het klaar verlos, ons gaan nou dankbaar wees vir dit wat God reeds gedoen het, ons gaan sy Wet gehoorsaam. Dit maak wet prediking, dankbaarheid prediking soos ons belydenis dit ook verstaan.

Hoe belangrik dat ons ook vandag nog sal besef ons verlossing is nie van die onderhouding van die Wet afhanklik nie. As dit so was dan sou Israel maar in Egipte slawe gebly het. Hulle ontrou in Egipte waar hulle afgode gedien het en selfs ook daardie eerste vyftig dae wat hulle getrek het, is alles behalwe die getuienis van 'n volk wat op verdienste kon aanspraak maak. Selfs by die wetgewing, u ken die geskiedenis, het afgodery by wyse van die goue kalf hoogty gevier. Die Wet is nie 'n saak van verdienste nie, maar deur en deur, enkel en alleen GENADE. Die gee van die Wet is GENADE, die nakoming van die Wet is GENADE. Genade, geskryf in God se liefde uit vrye guns alleen…

***

Genade wat bestaan in die Here se verbond. Dit maak die Wet dan ook 'n VERBONDSAAK, gesetel in God se VERBONDSLIEFDE en sy VERBONDSTROU. Die volledige Wet op twee kliptafels geskrywe. Elk van die twee kliptafels was 'n volledige skrywe van die Wet, wat die ooreenkoms tussen die twee partye, God en die mens afteken, waar God sy afskrif van die Wet oorhou en die mens sy afskrif. So lees ons dit ook in Deuteronomium 4:13– *Toe het Hy* (dit is die Here) *aan julle sy verbond verkondig wat Hy beveel het om te doen, die tien woorde en dit op twee kliptafels geskrywe.* Ons aanvaar nadat Moses die eerste tafels stukkend gegooi het, God sy verbondsooreenkomste met die Wet wéér uit genade voluit herhaal het!

God wat bereid is om te herhaal is 'n daad van liefde, die eerste woorde in God se Wet is woorde van liefde, woorde van verlossing. Ons het reeds daarop gewys dat God se verlossing moes eers die Wet voorafgaan. Liefde, genade staan vooraan die Wet. *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het…..*Die Here het hulle nie net gelei nie, die Here het hulle ook gedra. Die dra op arendsvlerke soos wat Exodus 19:4 hierna verwys. Die eerste woorde van die Wet maak dat die hele Wet van God in sy liefde gehul is. 'n

Genade-wonder van God. God is liefde, dit staan vooraan hierdie Wet. Liefde is dan ook die grondtoon van die hele Wet en dit maak dat God se liefdesgebod, ook die sametrekking, die samevatting van die hele Wet is. Elke gebod staan geskryf in die lig van God se liefdesgebod. So het Jesus ook die Fariseërs, hulle wou God van sy liefde skei en so het hulle die Wet van God se liefde geskei. Gemeente, dan is alles misverstand, dan is die Wet baie swaar!

***

Belangrik dat ons sal weet hoe ons die wonder van geloof by die wonder van God se Wet uitbring. Hieroor ontstaan net so maklik misverstand! Die dwaal gedagtes loop veral in twee rigtings. Daar is hulle wat God se Wet wil uitskakel en hulle wil net weet van genade, want hulle meen ons kan die gebooie van God tog nooit nakom nie. (Karl Barth vanuit die dialektiese teologie sluit aan by die rigting). Hulle meen die gebooie is te swaar! Vir die mense sê Paulus ek verlustig my in die Wet van die Here en Johannes kon sê – *dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie……*

Die Here het al vorige kere ook in ons belydenis vir ons gesê dat om God sonder die Wet te ken is ’n dooie geloof! Dit is om God sonder Jesus te wil ken. Die Wet maak juis lewend, want Jesus Christus is die Wet, die Wet is in Hom saamgevat, daar waar Wet staan, daar staan Jesus, Hy het die Wet volkome vervul en so die Wet volkome saamgebring dat die Wet nou juis vir ons volle betekenis moet hê! U sal agterkom dat in die deel van ons belydenis wat oor die Wet handel dié naam Jesus nie een keer vermeld word nie, want Jesus is nie los te maak van die Wet nie, Jesus is die Wet, in sy volheid staan die Wet vir ons in die Seun van God geskrywe.

Jesus, die Seun van God se liefde, uit God gebore, deel van sy wese, Hy wat God en mens is, Hy wat liefde, liefde gemaak het, dat u en ek vandag kan verstaan en kan glo en kan seker wees, wat sê God as God Self sê HY IS LIEFDE. As liefde nie bewys word nie, as liefde nie werk nie, dan is die liefde dood.

God se liefde werk, daarom moet ons as mense ook in God se liefde werk. Daar moet werke, werke uit die Here se Wet, goeie werke wees. Die werke is nie ’n voorwaarde vir geloof, of selfs ’n waarborg van ons geloof nie, néé, dit is God Self uit genade in Jesus Christus wat vir ons die geloof skenk. Alles is afhanklik van die geloof wat van God afkom. Die geloof is, enkel en alleen genade, die geloof verseker ons van ons redding maar die vraag wat God vir ons vra, is dit wat VANUIT die geloof moet gebeur. Geloof is lewend, is dinamies, dit mag

nie staties, dood, soos 'n klip hanteer word nie, geloof moet geleef word! Dan kom die onderskeid tussen 'n lewende of 'n dooie geloof. Die geloof is dood as die Here se Wet nie geken, liefgekry, geleef word nie. 'n Dooie geloof kan nie meer geloof genoem word nie, want God is nie dood nie, God lewe, Hy is die waaragtige wat lewe, Hy wat liefde is en sy Wet lieflik maak. Ons kom dan by ons tweede gedagte –

Die heerlikheid van die Here se Wet:

Die Here het sy Wet Self afgekondig, met sy vinger, die Heilige Gees het God die Wet geskryf, God Self het die Wet deur sy engele oorhandig. Twee maal oorhandig. Watter heerlikheid! Die gebeure daardie dag by die berg Horeb toe God sy Wet gegee het, was heerlikheid. Die berg het geskud daarvan, so erg, geen mens of dier sou die heerlikheid kon verduur nie. Hulle mag nie naby die berg gekom het nie. In rook en vuur het die heerlikheid opgeslaan en het elke gebod in God sy bestaan – watter heerlikheid!

Ons sal DV nou stelselmatig weer na elke gebod kan kyk. Elke gebod 'n wonder en elke gebod het sy eiesoortige heerlikheid, wat alles in God deur Jesus Christus saamval. Jesus Self is dan die Wet wat in God gehoorsaam word. En soos wat die Wet met God se Verlosser begin en ons vandag vir Jesus as die Verlosser ken waardeur God ook sy volk verlos het, dan is die eerste gebod met 'n spesifieke doel hier in ons belydenis ingevoeg. Ons sou nie na die eerste gebod, los van die begin van die Wet kon kyk nie. God en Jesus mag nie van mekaar geskei word nie, die Wet se inleiding mag nie van een van die gebooie geskei word nie. Alles is deur Jesus in God saamgevoeg. Die Wet van die eerste gebod is dan God Self wat in sy wese ter sprake is.

***

Die Here is die enigste HERE, Hy alleen is ter sprake. Hy ALLEEN is God. Dit moet ons van die begin af weet. In Hom bestaan die hele Wet en op die eerste gebod staan dan ook die hele Wet, al die ander gebooie. – *Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here*……(Deut.6:4). In Jesaja het ons gelees – *So sê die Here, die Koning van Israel en sy verlosser, die Here van die leërskare: Ek is die Eerste en Ek is die Laaste en buiten My is daar geen God nie*…..God ken geen ander god nie, Hy alleen is God, hoe kan ons mense wil reken dat daar nog gode buite God kan bestaan. Hoe kan daar hoegenaamd vanuit die eerste gebod ruimte vir godsdiens gelykheid in die naam van godsdiensvryheid geskep word! As die Here sy Wet begin dan begin Hy by Homself wat seker die begin van die grootste heerlikheid in die Wet is, maar as dit nie nagekom word nie, die begin van die grootste oordeel, gruwel en kwade. God is hieroor heilig jaloers! Hy noem Hom later dan ook 'n *jaloerse God.* Die laaste sin van

ons belydenis in vraag 94, is dan ook wat vanuit hierdie gebod van ons verwag word – **Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel.**

***

U het die Here leer ken as ’n God van liefde. GOD IS LIEFDE het die Woord vir ons gesê, liefde is nie god nie, by daardie opvatting het afgodery al begin. Mense wat in naam van liefde en geregtigheid ’n tipe van sieklik verdraagsame “christelikheid” wil uitdra, wat afgodery is. Afgodery ontstaan makliker as wat ons baie keer dink. So kry ons ook daardie mense wat hulle daarby hou om te sê GOD IS LIEFDE, maar dan wil hulle te kenne gee, God is NET liefde en niks meer nie!

Dit is die ontstaan van ’n emosionele sentimentele godsdiens wat ook afgodery is, want die Here is vir hulle die Een wat net altyd saggies en teer is. Hulle getuig so graag daarvan, alles raak so wollerig, so sag soos wol. Van God se geregtigheid, God se strengheid, God se oordele wil hulle niks weet nie. God se verbondswraak sal vir hulle nog ’n groot ontnugtering wees. As hulle maar net 1 Johannes 4 in sy volle konteks wou lees, juis die hoofstuk wat oor God se liefde handel, dan sal hulle ook in verse 17-18 lees van die dag van God se regverdige oordeel en straf.

Die mense skep nie net by hulleself groot verwarring en vertwyfeling nie, maar ongelukkig as mense so sentimenteel begin werk dan het dit ’n manier om ander mense saam te sleep. Later laat die mense dit klink of God se hoogheid en heiligheid deur sy liefde oorbodig gemaak word, God kan maar een van ons, net soos ons, gelyk aan ons gemaak word. Met God kan gespot word, vir God kan gelag word! En wanneer die seer dae kom dan is die mens skielik ontsteld en baie verward want ons het dan nie geleer om die liefde van God van die begin af reg te verstaan nie. As God dan nét liefde is, hoekom laat Hy soveel ellende en onreg op die aarde gebeur? ’n God wat net liefde is”, kan mos nie so en so met my maak nie.

***

U kom agter, verstaan u nie die liefde van God nie en u wil alles liefde maak, of u wil God net as liefde uitmaak, dan is die Bose met u, in die naam van liefde, besig. Die groot saak is nie hoe ek God se liefde sien nie, die groot vraag vir my ellendige sondaarmens is hoe God my kan liefhê. Hoe kon God my liefkry, ek wat teen Hom in opstand is, so ongehoorsaam is, ek wat van nature geneig is om God en my naaste te haat. Ek wat myself so maklik ’n afgod maak. My geld, my huis, my ontspanning, my politiek, my velkleur, my sport, op die einde

hoor u dit is net die ek, die ek, die ek. Die eie-ek wat op die einde my god is! Dit is afgodery. U goue kalf is dan uself.

***

In ons belydenis het ons al baie keer gehoor van ons profetiese roeping, ons priesterlike werk, ons koninklike opdrag. Die eerste gebod wil ons ook maar net weer daarby uitbring. **Ons bely dat ek moet die enige ware God reg leer ken –** dan is ek profeet. Ons bely ook in antwoord 94 dat ons **God alleen moet vertrou en** verder **ek moet Hom met my hele hart liefhê –** dit alles maak my God se priester. Dan moet ek ook vir God alleen **eer en vrees…**dan is u God se koning. Vir u het die Here, ons Koning vanuit sy Wet ook ’n ere-posisie. Mag die Here sy Wet vanuit sy Woord en Heilige Gees in u harte, in u hande, in u verstand laat werk. God is dan u God wat besig is om u na die Beeld van Christus te hernuwe, Hy die hoogste Profeet, ons enigste Hoëpriester, die ewige Koning.

Mag u die Wet gehoorsaam wees, want dan is dit Christus deur sy Heilige Gees wat in u die Wet volbring. God het in sy liefde begin, so wonderbaar dat Hy Homself Liefde noem, Hy vra van u wederliefde.

AMEN